ONS NUUSBRIEF

GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

15 NOVEMBER 2026 **Nr 46**

Predikant:	*Ds Kobus Botha* 051 436 2930/082 410 7447	**Skriba/ Koster:**	*Pieter du Plessis* 082 570 1804
Orrelis:	*Louri Coetzee* 083 776 6989	**Kerkkantoor:**	051 436 2932/082 570 1804
Diakonie:	Voorsitter: *Muller Heyns* 072 469 7778	**Kantoorure:**	Per afspraak
Susters:	Voorsitter: *Ester Botha* 072 784 9451	**Posadres:**	Posbus 28182, DANHOF 9310
Katkisasie:	*Karien van Rooyen* 079 888 8910	**E-posadres**	kantoor@gkbfnnoord.co.za
Lesotho Uitreik/ Evangelisasie:	*Kerkkantoor* 082 570 1804	**Webwerf:**	www.gkbfnnoord.co.za
		Facebook:	https://web.facebook.com/gkbfnnoord
		Kassier:	*Mariza Mosca* 082 405 8565
		Kerk:	ABSA (632005) Tjekrek no 1570 340 065
		Diakonie:	ABSA (632005) Tjekrek no 0470 280 026
Zapper-kode vir kerklike bydraes:		**Sustershulpdiens:**	ABSA (632005) Tjekrek no 0470 341 769 of CAPITEC (470010) Tjekrek no 260 552 7731

VERJAARSDAE

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

16 Nov: Sr Fiekie Roos	073 232 4248	18 Nov: Sr Lize Loretz	082 939 3489
16 Nov: Mieke van der Bijl	082 303 8046	20 Nov: Br Cobus van Heerden	071 572 1879
18 Nov: Br Henk Pretorius	082 337 7558		

KATKISASIE EN TEEBEDIENING

Aangesien die katkisasieklasse vir die voorskoolse en laerskool-kinders en die Gr 8 leerders reeds verlede Sondag afgesluit het vir die kwartaal, sal daar nie hierdie Sondag katkisasie wees nie. Daar sal wel nog teebediening in die *Wikus Vorster Saal* wees waarheen almal van harte uitgenooi word. Dit is die beurt van wyk ***Woodlands*** en ons bedank byvoorbaat diegene wat daarmee behulpsaam gaan wees. Dit is dan ook die laaste teebediening vir die jaar. Die katkisasie en teebediening hervat weer DV op Sondag, 17 Januarie 2027 wanneer wyk ***Leo van den Heeverstraat*** aan die beurt kom.

Die katkisasieklasse vir die Gr 9 en 10 leerders het ook reeds afgesluit en begin weer DV op Woensdag, 27 Januarie 2027.

KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se ***Kas van Barmhartigheid*** terwyl die kollekte by die deure bestem is vir die GKSA se ***Emeritaats-fonds.***

GEMEENTE-ETE NA NAGMAAL

Op Sondag, 22 November 2026, vier ons DV die Sakrament van die Heilige Nagmaal. Soos gebruiklik, bied die Susters ook weer 'n Gemeente-ete om 11:30 in die *Wikus Vorster Saal* aan. Die koste beloop R60 vir volwassenes en hoërskool-kinders en R40 vir laerskoolkinders, terwyl dit gratis is vir voorskoolse kinders. Almal word hartlik uitgenooi om dit by te woon – bring net asseblief u eie eetgerei en drinkgoed saam. Diegene wat die ete wil bywoon, moet asseblief hulle name op die BLOU vorm in die voorportaal aanbring. Die geld kan in die bussie gemerk Sustersbydrae in die voorportaal geplaas word of in hulle rekening by *Absa (632005), rekeningnommer 0470 341 769* of by *Capitec (470010), rekeningnommer 260 552 7731* inbetaal word met u naam en "ete" as verwysing. Betalings kan ook tydens die ete gemaak word.

SAKRAMENT VAN DIE HEILIGE DOOP

Die Sakrament van die Heilige Doop word hierdie Sondag tydens die erediens bedien aan ***Marliné Smith***, Verbonds-dogtertjie van ***br Peter en sr Ine-Mari Smith*** van Audrey Blignautstraat 38. Ons wens die ouers, grootouers ***br Cobus en sr Marlise Venter*** en ***br Peter en sr Stephanie Smith***, sowel as oupagrootjie ***br Jannie Venter*** en oumagrootjie ***sr Marianne Cronjé*** van harte geluk en ons bede is dat die Here vir Peter en Ine-Mari die nodige krag en genade sal gee om die Doopbelofte tot die eer van Sy Naam na te kom.

KERKRAADSVERGADERING

Die Kerkraad (ouderlinge) vergader DV hierdie Sondag na die erediens in die kerkgebou. Die belangrikste saak op die sakelys is die terugvoering van die wyksouderlinge aangaande hulle wyke. Die Diakonie vergader voor die diens in die *Wikus Vorster Saal*.

GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere [1]gemeenskap van gelowiges en [2]diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

<u>Gemeentebou aksies:</u>

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
    a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om ‘n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes):*
   Nerina Venter – 082 884 4465
    a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes):*
   Nerina Venter – 082 884 4465
    a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
    a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.
6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
    a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
    b. Daar is geleentheid om ‘n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en ‘n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe ontvang:

- Ds CB (Brahm) Robinson van GK Bellville-Oos na GK Centurion as medeleraar.
- Ds EA (Erasmus) Venter van GK Buffeldoorns na GK Benoni as medeleraar.

Beroep aanvaar:

- Dr HM (Heinrich) Zwemstra van GK Walvisbaai na GK Potchefstroom-Oos.

Beroep bedank:

- Ds KP (Karel) Steyn van GK Port Elizabeth na GK Benoni as medeleraar.

BELANGRIKE DATUMS IN DIE KWARTAAL

Sondag 15 November	Voorbereidingsdiens Ouderlinge en Diakens vergader afsonderlik
Sondag 22 November	NAGMAAL en Gemeente-ete
Sondag 29 November	Nabetragtingsdiens Kerssangdiens
Woensdag 09 Desember	Skole sluit
Woensdag 16 Desember	Versoeningsdag - Geloftediens om 09:00
Vrydag 25 Desember	Kersdag – Erediens om 09:00

LITURGIE TYDENS EREDIENS

Skriflesing : Romeine 5:1-11
Teks : Romeine 5:8
Sang : Lb 334:1,2,3,4
: Sb 2-6:1,5,7
: Sb 9-3:1,2
: Ps 134:4
: Ps 105:5
: Sb 18-7:1,9,12

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra; dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here.

Klaagliedere 3:25,26

DIAKONIE
HELP MET *VERVOER*

Vir enige kerk-verwante geleenthede en indien jy hulp benodig.



Indien jy enige probleme met vervoer ervaar, kontak asb Muller Heyns op 072 469 7778.

KLERE DONASIES

Enige donasies word verwelkom en kan Sondae by die kerk se voorportaal afgelaai word.

BLOEMFONTEIN NOORD GEREFORMEERDE KERK DIAKONIE
IN SAMEWERKING MET ANCHOR OF HOPE

Enige navrae:
Elize Heyns 082 868 1620





- **GKV Hulpfonds ABSA Spaar 906 446 3273 Kode 632005**
- **https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum**

https://www.facebook.com/share/1BhxAtkuJ2/?mibextid=wwXIfr



KERSSANGDIENS 2026
Gereformeerde Kerk Bfn-Noord
29 November
18:00
Verversings in die saal na die diens


SAAMTREK 2027
SATERDAG 6 MAART 2027
Tema: Kyk na die lelies...
LET OP HOE GROEI DIE VELDLELIES:
HULLE SWOEG NIE EN HULLE MAAK NIE KLERE NIE...
(MATT 6:28)





https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdQ3K6w2XOFC87fnBqEMRQpa-YnTIbVC2BvhHkV2QIx-2jgkQ/viewform?usp=dialog



Dr. Flip Buys neem die leser in ’n treffende publikasie ***Godgegewe Oop Deure*** saam op ’n reis deur besondere bakens van sy geseënde bediening van 53 jaar. Die treffende van die boek is dat die leser saam met ’n dienaar van die Here kan beleef hoe die Goeie Herder met die water wat uit die oop deure van sy huis stroom, lewe gee in situasies waarin sy kinders soms in die verstikkende water van hierdie lewe wil ondergaan.
Daar is vir *Sorg Met Eer* borge gekry om die tweede druk van hierdie kosbare boek te finansier sodat die volle inkomste van die verkope van die boek na die *Sorg Met Eer* gaan vir die versorging van ons ouer emeriti en emeritus weduwees.

Die 15 hoofstukke van die boek gee ’n oorsig van die paaie wat Flip Buys met mense saam met die Here gestap het en met die leser gedeel word:
’n Roeping ontwikkel; Preekmaak; Die uitverkiesing; Die pad saam met alkoholiste; Lewendige kuikens onder ’n dooie hen se vlerke? (Evangelisasie ervaringe); Die “hoereerders” word aktiewe lidmate; Huweliks- en gesinsberading wat ook die pastorie heilsaam was; Die donker wêreld van okkultisme en satanisme; Sendingervaringe in Sharpeville en omgewing; My skuif na KwaNdebele; Met hart en mond en hande; Vergifnis na geweld; Vergifnis en versoening van verskillende kultuurgroepe; Soedan en die *Sudanese Reformed Churches*; ’n Groeiende visie op sending en evangelieverkondiging.

Prof Henk Stoker skryf van die boek: *Hierdie boek vertel van ’n lewe kosbaar geleef in God se diens. Nie net is dit geweldig bemoedigend nie! Dit gee ook baie pitkos – preekstof, pastorale insette van wêreldbekende Bybelse beraders en baie goeie begronding van ons werk met okkulte belastes, om in die geloof te leef en werk. Die boek handel oor roeping ontwikkel; preekmaak; Die uitverkiesing; Die pad saam met alkoholiste; Lewendige kuikens onder ’n dooie hen se vlerke? (Evangelisasie ervaringe).*

Die boek is ’n ideale geskenk vir die feestyd en bestellings sal vroeg in Desember afgehandel kan word.

Dit kos R100 per eksemplaar plus versendingskoste**.** Bestellings kan geplaas word by Wymie du Plessis, 083 575 5786. Besonderhede vir betaling: *Geref.Emeritaat. ABSA 67028 8412. Verw: SME Oop deure, naam en gemeente*.